

RYKLASSE – SKOUKLASSE

Doel met die opstel van die Ryklas protokol

Om 'n sisteem daar te stel waardeur almal op hoogte gebring kan word oor wat 'n Ryklas is, wat die reëls ten opsigte van die klas is asook hoe dit beoordeel word.

A. Algemene reëls – Ryklasse

Alle diere moet geregistreer wees by die FPTG van SA deur Stamboek en wel in die Stamboek (SP) of in die Hulpboeke om te mag deelneem aan enige Streekskou of Nasionale Skou. Geen Basisboek perde mag hier geskou word nie en geen Hulpstamboek A diere wat na 15 Mei 2015 opgeneem is.

Alle diere moet 'n mikroskyfie in die nek hê of 'n brand of tatoeër nommer wat van tyd tot tyd deur die versamelingbeampte of die baanbeampte of 'n persoon soos deur die skoukomitee afgevaardig nagegaan kan word. Indien dit nie die perd is wat ingeskryf is sal die teler 'n boete van R10 000 opgelê word en dadelik geskors word vanaf die skougronde.

Perde onder 4 jaar mag met 'n geboortekesertifikaat geskou word, perde bo 4 jaar moet gekeur en in besit wees van 'n registrasiesertifikaat om te mag deelneem.

Alle diere moet in besit wees van 'n geldige en volledig voltooide paspoort met alle inentings op datum en aangeteken.

Perde mag nêrens met rekke en of kettings opwarm nie.

Perde wat enige medikasie ontvang het mag nie binne die ontrekkingsperiode geskou word nie.

Daar kan op enige skou hiervoor getoets word onder die neergelegde SANEF reëls.

Geen opkickers en of bedwelmdede middels mag gebruik word net voor of gedurende die skou nie.

Daar kan op enige skou hiervoor getoets word on die neergelegde reëls.

Geen diere wat mank of kruppel en of wat oop wonde het of wat siek is mag geskou word nie.

Ouderom van diere word geneem soos die ouderdom op die eerste dag van die skou.

Perde mag net binne hul ouderdomsgroep skou. Dus junior perde mag nie saam senior perde skou.

Dit word sterk aanbeveel dat maanhare en hare tussen die hoewe en kootgewrig (vere) nie geskeer word nie, maar dit bly die keuse van die vertoner.

Vir lang maanhare mag die hare agter die ore waar die toom kom wel geskeer word tot 'n maks van 100mm.

Die hare op die bene onder die knieg en bo die kootgewrig mag wel geskeer word.

Maanhare mag los of gevleg ("ge plait") wees.

Ore aan die binnekant moet geskeer wees.

Hare onder die kakebeen moet geskeer wees

Diere moet skoon en versorgd wees.

Geen verbande om die bene of enige tooisels mag gebruik word nie. Tensy vir mediese redes met bewyse.

Hoewe moet goed versorgd wees en mag swart gekleur word.

Standaard tipe hoefysters van nie dikker as 10mm en wyer as "25mm word toegelaat.

'n Dwarsbalkie onder aan die hoefyster van maks 12 mm breed.

Die totale lengte van die hoef plus yster plus "pad" mag nie langer as 155mm wees nie. Die lengte word gemeet van die onderkant van die yster aan die voorkant tot waar die haarlyn aan die bokant van die hoef begin.

Vertoners mag nie perde robust hanteer en of slaan gedurende die klas of terwyl die perd nog in die skoubaan is nie. Dit sal lei tot diskwalifikasie.

Geen bloed op perde word toegelaat. In geval van bloedskuim in die bek sal baanbeampte dit ondersoek en 'n besluit neem na oorleg met die Senior Beoordelaar.

Perde wat onbeheerst en of buite beheer is kan deur die baanbeampte bevel word om die baan te verlaat.

Perde wat op hul agterpote staan gedurende die klas en 'n veiligheidsgevaar inhou kan deur die baanbeampte gevra word om die baan te verlaat.

Indien 'n perd 'n yster verloor gedurende die klas het die vertoner 7 minute om te herstel en en dieselfde yster terug te sit.

Indien daar van die tuig of wiele breek en of loskom gedurende die klas en 'n veiligheidsgevaar inhou sal die baanbeampte dit vinnig ondersoek en 'n besluit neem. Hulp van buite word toegelaat vir die vashou van perde.

Nadat die bevel gegee is om in te trek, mag daar helpers in die baan wees om die perde vas te hou.

Helpers mag slegs die perde vashou, geen ander handeling is toelaatbaar.

Die Slegte Geluk of "Bad Luck" reël is van toepassing op ry en tuigklasse en word ingebring om verder te help om te alle tye die beste perde in die Kampioenskap klasse te hê en werk soos volg:

- Indien daar 'n "Bad Luck" situasie soos, afgooi van yster, breek van toerusting, breek van karretjie, 'n ongeluk of enige gebeurlikheid wat nie nalatig of met opset plaasvind en nie onmiddelik reggestel kan word nie mag die vertoner by die Baanbeampte vra om 'n "Bad Luck" plasing in die kampioenskap klas of die ruiter kan vra vir 7 minute toelaatbare herstel vra
- Die Baanbeampte vat die betrokke Vertoner se nommer en die Vertoner verlaat die Skoubaan.
- Hierdie plasing word dan amptelik deur die Aankondiger aangekondig.

Vertoners moet ten alle tye skoudissipline en skou-etiket eerbiedig en toepas.

Twee vertoners word toegelaat by die volgende klasse – Dubbeltuig, Vierspan en Agtspan.

Slegs een persoon mag dryf by die Tandem

Geen kruis inskrywings sal tussen die Kampioen Senior Tuigklasse en Kampioen Veteran Tuigklasse toegelaat word nie. Hetsy Hings, Merrie of Reun klasse.

Geen kruis inskrywing sal tussen die Enkeltuig klasse en Siertuig klasse toegelaat word nie.

B. Skou- Etiket –Ryklasse:

Alle klasse moet aanvaar word as Tradisioneel behalwe waar Universeel vermeld word.

Wees trots op jouself en jou perd en respekteur altyd jou mede vertoners.

Geen vertoner mag ander vertoners of hulle perde benadeel of probeer benadeel deur enige optrede van enige aard.

Handhaaf altyd beheer oor jou perd en 'n redelike afstand tussen jou perd en ander perde.

Geen vertoner mag 'n beoordelaar probeer beïnvloed of omkoop of aanmerkings maak gedurende die beoordeling nie.

Vertoners mag nie inmeng of praat of prober redeneer met beoordelars baanbeampes terwyl perde nog in die baan is nie.

Geen vertoner mag onder die invloed van drank skou nie.

Enige aanval van 'n vertoner op die beoordelaars of baanbeampes, in die publiek, sal lei tot skorsing van die res van die skou en selfs daaropvolgende skoue.

Geen vertoner mag hardop aanmerkings maak terwyl plasing uitgeroep word nie. Dit kan lei tot skorsing van die skou en verbeuring van pryse.

Aangesien alle perde se passé nie teen dieselfde tempo is nie moet die volgende reëls nagekom word nl.

- Rigting – Klokgewys
- Gaan die voorste perd altyd aan sy regterskouer verby, dus aan die binnekant
- Rigting – Anti-klokgewys
- Gaan die voorste perd altyd aan die linkerskouer verby, dus aan die binnekant.
- Handhaaf altyd 'n goeie en veilige afstand tussen die perde in die verbygaan proses.

Geen ruiter mag enige aksie of handeling in die verbygaan proses, of ten enige tyd gedurende die klas uitvoer wat enige mede ruiter nadelig kan beïnvloed nie.

Daar mag nie voor ander mede ruiters ingesny word nie.
Ruiters wat hulself aan enige bogenoemde skuldig maak sal gepeenaliseer word en selfs gediskwalifiseer word.

C Toerusting – Ryklasse

TOOMS

Swart , wit of donker bruin leer tooms word toegelaat
Dubbel toom met stang, skelmtrens, kenketting, lipbandjie en gewone neusband en flashband mag gebruik word.

- Skelmtrense mag nie dunner as 8mm wees
- Stange mag nie dunner as 10 mm wees
- Teulbalk lengte maks. 100mm
- Diepte van die tonggroef is maks. 30mm

Enkel toom met stang, kenketting, lipbandjie en gewone neusband word toegelaat.

Die volgende stange word toegelaat:

- Stang vir twee pare teuls (“Pelham”)
- Stang met reguit of met tonggroef of met skakel in mondstuk
- Stang mag nie dunner as 10mm wees
- Stang tongproef mag nie meer as 30mm wees
- Teulbalk lengte is maks 100mm

Enkel toom met trens, min 10mm dik, en “flash” neusband word toegelaat.
Junior perde moet verkieslik in ‘n trens gery word. Jong perde mag met ‘n halter of toom geskou word
Swart saal met wit saalkleedjie. (**Geen** wapen, logo of enige naam is toegelaat op saalkleedjie)

Geen ophalers en of afhalers mag gebruik word nie. Kinders mag met afhalers ry slegs in leiriem klas – stap, draf kinders onder 10jaar.

Tradisionele klasse is daar geen beperkings op gebit slegs by Universeel en Dresseerklasse.

Geen ander toerusting en of enige ander hulpmiddels word toegelaat.

D Kleredrag – Ryklasse

Tradisionele driegang klasse slegs “Kentucky” drag

Universele klasse slegs Engelse Rydrag

Wit rybroek

Wit hemp met swart das of Genootskapsdas vir mans en dames of alternatief vir dames is 'n wit dames ryhemp wat toe is om die nek.

Swart rybaadjie

Donkerkleurige saalperd pak "Kentucky pak" word toegelaat

Standaard spore maks. 30mm lank soos per SANEF reëls word toegelaat

Peits van maks 1.2m lank

Swart "top hat" of "bowler"

Swart of wit ryhandskoene

Swart kort ryboots met swart kamaste of lang swart vol ryboots

Nommer word op vertoner se rug vasgesteek. Nommer moet min 200X150mm wees.

E Die Logistiek van

(1) Tradisioneel Driegang Tradisionele driegang klasse slegs "Kentucky" drag Universele klasse slegs Engelse Rydrag

Alle deelnemers moet ten minste 3 minute voor die begin van die klas in die aangewysde versamelring aanmeld.

Versamelring beampte kontroleer nommers en gaan na of die reëls soos in (A) genoem nagekom is.

Versamelring beampte gee die instruksie vir die oopmaak van die skoubaanhek en vertoners gaan die skoubaan binne. Hy gee ook die bevel vir toemaak van die hek. As die hek eers toe is kan geen verdere vertoners wat laat is toegelaat word nie.

Vertoners en Perde is onder beoordeling sodra hulle by skoubaan inkom.

Perde betree die skoubaan, anti-kloksgewys op 'n draf terwyl perde optimal vertoon word in die draf.

Die draf is deurgans, in die klas, 'n versamelde tot werkende draf en nie 'n verlengde draf nie.

Ankondiger gee die opdrag gaan oor in die stap. Ruiter kry perd in die stap en vertoon die perd in die stap. Hierdie is 'n versamelde tot werkende platvoet stap.

Aankondiger gee die opdrag gaan oor in die gallop. Ruiter kry die perd in die gallop, op die regte leibeen, en vertoon die perd in die gallop. Hierdie is 'n versamelde tot werkende gallop.

Aankondiger gee die opdrag gaan oor in die stap, verander van rigting en gaan voort op 'n draf. Ruiter kry die perd in die stap, draai om en gaan dan dadelik oor in die draf en vertoon die perd in die draf.

Aankondiger gee die opdrag gaan oor in die stap. Ruiter kry perd in die stap en vertoon die perd in die stap. Hierdie is 'n versamelde tot werkende platvoet stap.

Aankondiger gee die opdrag gaan oor in die gallop. Ruiter kry die perd in die gallop, op die regte leibeen, en vertoon die perd in die gallop. Hierdie is 'n versamelde tot werkende gallop

Die beoordelaar kan enige tyd vrae om hetsy die stap of draf of gallop weer te vertoon.

Aankondige gee die opdrag, gaan oor in die stap en tree aan.

Ruiter kry perd in die stap en tree dan aan. Perde tree aan langs mekaar met genoeg spasie tussen perde. Daar moet gelet word dat u nog steeds onder beoordeling is en dus nie mag ontspan nie. Die aantree posisie is 'n stilstaande posisie, waar die Perde om die staan beoordeel word.

Sodra die beoordeling afgehandel is sal die aankondiger die opdrag gee, u mag ontspan. Perde en vertoner ontspan en kan dan rond beweeg.

Met die aankondiging van die plasing van die perde, beweeg die vertoner na die beoordelaar en of persoon wat die pryse uitdeel, stop, en ontvang sy roset of prys. Direk na die laaste roset oorhandig is word die hek oopgemaak en die nie geplaasde perde verlaat die skoubaan.

Die geplaasde perde doen dan 'n ere rondte, volgens plasing op n draf waarna die skoubaan verlaat word. Die ere rondte word kloksgewys gedoen.

2. Driegang Universeel **Slegs Engelse rydrag word toegelaat**

Die logistiek is baie dieselfde as vir die tradisionele driegang met die volgende verskille:

Die verlengde draf kom by en die aankondiger sal die instruksie gee teen watter lang kant van die skoubaan die verlengde draf vertoon moet word.

- Korrektheid van die uitvoering die drie gang
- Korrektheid van die oorgang van die een gang na die ander
- Die vermoë om ritme en balans te behou in al die gange ingesluit die verlengde draf

- Die vermoë om deur die rug te kan werk
- Die korrektheid van die ruiter se posisie in die saal (“Seat”)
- Die korrektheid van die ruiter se gebruik van die hulpmiddels (‘aids) nl.bene, peits, seat, spore en teuls.

F Die Beoordeling van Ryklasse

Algemene inligting

Hierdie is ‘n ryklas en alhoewel die perd in die uitvoering van die drie gange hoofsaaklik onder beoordeling is, is dit tog belangrik om op die volgende punte te let:

- Die algemene voorkoms van perd en ruiter moet op standard wees. Die algehele prentjie speel ‘n rol in die beoordeling.
- Die manier hoe ‘n ruiter deurgans in die klas, in die saal sit, die perd hanteer, die hulpmiddels nl, peits, spore, bene,teuls ens. gebuik, speel ‘n rol in die beoordeling
- Dissipline van perd en ruiter moet deurgans van ‘n hoe standard wees en gehandhaaf word.

1. Tradisionele Driegang:

Die klas word soos volg beoordeel:

- | | | |
|---|--|-----|
| - | Uitvoering van die drie gange asook die volhoubaarheid van ritme en houding. | 60% |
| - | Voorkoms en rasegtheid | 20% |
| - | Algemene disipline | 10% |
| - | Versorging en algemene prentjie | 10% |

Beoordeling: Tradisionele Driegang:

Draf

- Die draf word beoordeel van voor, van agter en van die kant af
- Die draf het twee ritmiese voetvalle
- Die draf word beoordeel as ‘n versamelde tot werkende draf
- Die draf moet reëlmatig, gebalanseerd, vloeiend en aktief wees
- Die voorbene/knieë word natuurlik hoog gedra in die draf met ruim tree vanuit die skouer met voldoende voortdrywing.
- Die voorbene moet nie net op en af en onder die perd in beweeg nie, dit moet op en vorentoe beweeg vanuit die skouer.

- Die agterbene moet aktief van agter reguit opkom na die lyf en dan vorentoe gestoot word. Die agterbene moet nie te ver agter gaan haal word nie (Trail).
- Die draf moet vloeiend en baie aktief wees. Maar moet nogsteeds reëlmatig bly met links en regs ewe groot passé en in 'n reguit lyn.
- Die draf moet ligvoetig en drywend wees met voldoende voortdrywing in 'n rol beweging
- Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees.
- Die perd moet homself dra en nie op die voorhand wees nie.
- Die kop aksie is trots na bo, so na as moontlik aan die vertikale lyn (Nie te oop of te toe, by die kop nek aansluiting, nie.)
- Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon. (“Alert”)
- Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys (“Presence”)
- Oorskakeling van die draf na die stap moet vloeiend wees

Stap

- Die stap word beoordeel van voor , van agter en van die kant af.
- Die stap het 4 ritmiese voetvalle
- Die stap word beoordeel as 'n versamelde tot werkende platvoet stap
- Die stap moet ruim wees vanuit die skouer met voldoende voortdrywing, dus die stap moet energie uitstraal en nie kortaf wees nie.
- Die bene moet nie gesleep word nie maar duidelik opgetel en neergesit word.
- Die beweging moet reëlmatig wees met links en regs presies ewe groot passé.
- Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees
- Die agterbene, dit is waar die dryfkrag lê, moet van agter sterk vorentoe geplaas word. Die agterbene moet nie te ver agter gaan haal word nie. (Trail)
- Die kop aksie is, aangesien dit 'n versamelde tot werkende stap is nog steeds relatief hoog
- Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”)
- Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys (“Presence”)
- Oorskakeling van die stap na die draf en of gallop moet vloeiend wees.

Gallop

- Oorskakeling van die stap na die gallop moet vloeiend en opwaarts wees (“Upward”)
- Die gallop word beoordeel van voor , van agter en van die kant af.
- Die gallop het drie ritmiese voetvalle
- Die gallop word beoordeel as 'n versamelde tot werkende gallop

- Die gallop moet lig, gebalanseerd, reelmatig en ritmies wees met voldoende voortdrywing van agter. (Uphill canter”) Ritme moet deurgans behou word.
- Spoed moet vermy word en moet dus nie gejaagd en buite beheer wees nie.
- Die perd moet lig voor wees en nie op die voorhand wees nie.
- Die kop aksie is trots na bo, so na as moontlik aan die vertikale lyn. (Nie te oop of te toe, by die kop/nek aansluiting nie)
- Leibene
 - Anti – Kloksgewys : Die linker of te wel die binnebeen is dan die leibeen
 - Kloksgewys: Die regter of te wel die binnebeen is dan die leibeen
- Ruiters wat met die verkeerde been lei sal gepenaliseer word.
- Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”)
- Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys.(“Presence”)

Staande by opstel of aantree

- Beoordelaar skeep ‘n algemene indruk oor die voorkoms en versorging van Perd, rytuig en ruiter.
- Beoordelaar skeep ‘n algemene indruk ten opsigte van konformasie en rasegtheid.

2 Driegang Dresseer: Die klas word soos volg beoordeel

- | | |
|--|-----|
| - Uitvoering van die drie gange asook die verlengde draf | 40% |
| - Volhoubaarheid van ritme, balans en “frame” | 10% |
| - Oorskakeling van een gang na die ander | 10% |
| - Ruiter – “seat” en gebruik van hulpmiddels | 10% |
| - Algemene dissipline | 10% |
| - Voorkoms en rasegtheid | 10% |
| - Versorging en algehele prentjie | 10% |

3 Driegang Plesier Perd

Die Plesierperdklas word beoordeel op 'n platvoetstap, draf en gallop. Die perde word beoordeel ten opsigte van geskiktheid en uiters goeie maniere. Perde word vertoon met 'n vol toom. (stang en trens). Beslag, slegs 'n yster, geen pads. Voete mag nie langer as 12 cm wees nie.

Beoordeling: Driegang Dresseer

Die beoordeling is basies dieselfde as die tradisionele driegang met die volgende verskille

- Die kop en nek posisie mag effens laer wees.
- Ruim tree vanuit die skouer en met baie voortdrywing
- Die verlengde draf kom by en word ook beoordeel
- Meer klem op die korektheid van die uitvoering die drie gange
- Meer klem op die vermoë om te kan platvoet stap (“Over tracking)
- Meer klem op die korektheid van die oorgang van die een gang na die ander
- Meer klem op die vermoë om ritme en balans te behou in al die gange ingesluit die verlengde draf.
- Die vermoë om deur die rug te kan werk
- Die korektheid van die ruiter se posisie in die saal (“seat”)
- Die korektheid van die ruiter se gebruik van die hulpmiddels (“aids”) nl. Bene,peits,” seat”, spore en teuls

G Algemene Notas ten opsigte van die inskrywings by Ryklasse

- Geen kruis inskrywings sal tussen die Kampioen Senior Driegang en Kampioen Veteraan Driegang toegelaat word nie. Hetsy Hings, Merrie of Reun klasse.
- Geen kruis inskrywings sal tussen die Kampioen Driegang en Kampioen Driegang Dresseer toegelaat word nie. Hetsy Hings. Merrie of Reun klasse
- By die Ruiterkuns klasse word kruis inskrywings wel toegelaat met die Tradisionele Driegang en Driegang Dresseer klasse